<b>AARTAPPELS</b>		<b>VROË KORREKTIEWE TOEDIENING:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>▶ <b>Toedieningsvolume:</b> Gebruik 500 – 1000 ℓ water per hektaar, en verseker deeglike en egalige bedekking van die blare (bogronde dele).</li> <li>▶ <b>Byvoeging van benatter:</b> Die byvoeging van 'n geregistreerde minerale olie benatter, volgens die etiket toegedien, word aanbeveel om dekking te verbeter.</li> <li>▶ <b>Seisoenale limiet:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Moet nie meer as drie (3) toedienings van <b>Chlo-Pro 200 SC</b> per seisoen toedien nie.</li> </ul> </li> <li>▶ <b>Weerstandsbestuur:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Dien twee (2) opeenvolgende toedienings (bloktoediening) toe voordat daar na 'n produk met 'n ander wyse van werking oorgeskakel word.</li> </ul> </li> <li>▶ <b>Plaagbeheer:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Chlo-Pro 200 SC</b> bied effektiewe beheer van Afrika-bolwurm larwes tydens alle ontwikkelingsfasas. Verwys na riglyne vir korrektiewe toedienings in tamaties.</li> </ul> </li> </ul>
Aartappelmot (larwes) ( <i>Phthorimaea operculella</i> )	<u>Loof/blaartoediening</u> 100 mℓ/ha	<ul style="list-style-type: none"> <li>▶ <b>Tydskalkulering van toediening:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Dien toe sodra die eerste simptome van infestasië (myne) op die blare voorkom of wanneer aartappelmotte waargeneem word.</li> <li>• Die teenwoordigheid van aartappelmotte rondom die blare dui op moontlike infestasië.</li> <li>• Baseer tydskalkulering op gereelde monitoring van aartappellande.</li> <li>• Gebruik 'n interval van 8 – 14-dae vir toedienings tydens voortdurende her-infestasië. Gebruik die korter interval vroeg in die groeiseisoen wanneer plante aktief groei.</li> </ul> </li> <li>▶ <b>Laat toedienings:</b> Laat toedienings wanneer plante reeds terugsterf, sal nie aartappelmot larwes effektief beheer nie.</li> <li>▶ <b>Kulturele praktyke:</b> Erd plantrye ("ridge") minstens twee keer gedurende die groeiseisoen op.</li> </ul>
Aartappelbladmyner (larwes) ( <i>Liriomyza huidobrensis</i> )  Tamatie bladmyner mot (larwes) ( <i>Tuta absoluta</i> )	<u>Loof/blaartoediening</u> 150 – 200 mℓ/ha	<ul style="list-style-type: none"> <li>▶ <b>Tydskalkulering van toediening:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Dien toe sodra steekmerke, wat die eerste tekens van infestasië is, op die onderste blare opgemerk word. Gebruik die hoër dosis vir korrektiewe beheer onder hoë plaag druk.</li> </ul> </li> <li>▶ Vir opvolgbehandelings elke 7 dae, dien die laer dosis toe.</li> </ul>

<b>APPELS EN PERE</b>		<p><b><u>BELANGRIKE INLIGTING:</u></b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▶ <b>Toedieningsvolume:</b> Dien <b>Chlo-Pro 200 SC</b> as 'n voldekbepuiting, afhange van die boomgrootte en gewas stadium, in 800 – 3000 ℓ water per hektaar toe. Verseker deeglike bedekking van die blare en ontwikkelende vrugte.</li> <li>▶ <b>Tydsberekening van toediening:</b> Dien toe in 'n beheerprogram, met nie meer as 14 dae tussen toedienings nie.</li> <li>▶ <b>Seisoenale limiet:</b> Moet nie meer as drie (3) toedienings van <b>Chlo-Pro 200 SC</b> per seisoen toedien nie.</li> </ul>
Afrika bolwurm ( <i>Helicoverpa armigera</i> )	17.5 mℓ/100 ℓ water	<p><b><u>Afrika bolwurm (larwes) – tydsberekening van toediening:</u></b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Dien toe sodra eiers of jong larwes teenwoordig is, maar voordat die larwes die vrugte binnedring.</li> <li>• 'n Opvolgtoediening mag 10 – 14 dae later nodig wees, afhange van her-infestasië.</li> </ul>
Kodlingmot (larwes) ( <i>Cydia pomonella</i> )	17.5 mℓ/100 ℓ water	<p><b><u>Kodlingmot (larwes) – tydsberekening van toediening:</u></b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Chlo-Pro 200 SC</b> kan gebruik word om die 1<sup>ste</sup>, 2<sup>de</sup> of 3<sup>de</sup> generasie van kodlingmot te teiken.</li> <li>• Indien die eerste generasie geteiken word, dien die eerste toediening voorkomend toe teen 75% blomblaarval.</li> <li>• Dien toe in 'n spuitprogram en moet nie spuitintervalle van 14 dae tussen opeenvolgende toedienings oorskry nie.</li> <li>• <b>Weerstandsbestuur:</b> Om weerstand te voorkom, wissel <b>Chlo-Pro 200 SC</b> af met geregistreerde insekdoders met 'n verskillende werkingsmeganisme vir elke generasie.</li> </ul>
<p><b>Water volume (ℓ) per hektaar (ha) benodig vir voldekbepuiting volgens boomryvolume (BRV) berekening:</b></p> <p>Boomhoogte en -deursnee moet in die somer gemeet word wanneer bome vol blaar is. Gebruik die water volume per hektaar om die vereiste hoeveelheid <b>Chlo-Pro 200 SC</b> per hektaar, afhange van die verskeie groeistadiums, te bereken. Dit is belangrik dat die korrekte hoeveelheid <b>Chlo-Pro 200 SC</b> per hektaar toegedien word.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>BRV (Vanaf groenpunt tot ± 30 % blom)</b>  <math>\ell \text{ water/ha} = [( \text{Boomhoogte} \times \text{Boomdeursnit} \times 937 ) / \text{Rywydte}] \times 60 \%</math> </li> <li>• <b>BRV (Vanaf ± volblom tot ± mid November (middel seisoen))</b>  <math>\ell \text{ water/ha} = [( \text{Boomhoogte} \times \text{Boomdeursnit} \times 937 ) / \text{Rywydte}] \times 80 \%</math> </li> <li>• <b>BRV (Vanaf ± begin van Desember)</b>  <math>\ell \text{ water/ha} = [( \text{Boomhoogte} \times \text{Boomdeursnit} \times 937 ) / \text{Rywydte}] \times 100 \%</math> </li> </ul>		
<b>GRAANGEWASSE</b> (gars, hawer en koring)  Afrika bolwurm (larwes) ( <i>Helicoverpa armigera</i> )	<u>Loof/blaartoediening</u> 150 mℓ/ha	<ul style="list-style-type: none"> <li>▶ <b>Tydsberekening van toediening:</b> Dien <b>Chlo-Pro 200 SC</b> toe met die aanvang van infestasië wanneer bolwurm-eiers of jong larwes vir die eerste keer waargeneem word.</li> <li>▶ 'n Tweede toediening mag 7 dae later nodig wees, veral in gevalle van voortdurende her-infestasië.</li> <li>▶ <b>Weerstandsbestuur:</b> Daar word aanbeveel om <b>Chlo-Pro 200 SC</b> toe te dien in 'n insekdoderbeheerprogram met geregistreerde produkte wat 'n ander wyse van werking het.</li> <li>▶ <b>Seisoenale limiet:</b> Moet nie meer as twee (2) toedienings van <b>Chlo-Pro 200 SC</b> per seisoen toedien nie.</li> </ul>
<b>GRANATE</b> Valskodlingmot (larwes) ( <i>Thaumatotibia leucotreta</i> )	<u>Blaarbespuiting</u> 200 mℓ/ha	<ul style="list-style-type: none"> <li>▶ <b>Toedieningsvolume:</b> Gebruik 750 – 1000 ℓ water per hektaar (sien BRV-berekening onder appels en pere) vir 'n voldekblaarbespuiting. Verseker deeglike bedekking van blare en ontwikkelende vrugte vir optimale beheer.</li> <li>▶ <b>Byvoeging van benatter:</b> Die byvoeging van 'n geregistreerde nie-ioniese benatter kan die potensiaal vir insekbeheer verhoog.</li> <li>▶ <b>Monitering en tydsberekening:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Verken en monitor die boord en dien <b>Chlo-Pro 200 SC</b> toe wanneer die feromoon lokvalle 'n infestasië aandui, gewoonlik by die aanvang van vrugrypwording.</li> <li>• Dien 'n opvolgbespuiting 14 dae later toe indien nodig.</li> </ul> </li> <li>▶ <b>Seisoenale limiet:</b> Moet nie meer as twee (2) toedienings van <b>Chlo-Pro 200 SC</b> per seisoen toedien nie.</li> <li>▶ <b>Weerstandsbestuur:</b> Indien addisionele beheer nodig is, kan 'n geregistreerde insekdoder van 'n ander IRAC groepkode gebruik word.</li> </ul>

<p><b>KANOLA</b> Afrika bolwurm (larwes) (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p>	<p><u>Blaartoediening</u> 150 mℓ/ha</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>▶ <b>Tydsberekening van toediening:</b> Dien <b>Chlo-Pro 200 SC</b> toe met die aanvang van infestasië wanneer bolwurm-eiers of jong larwes waargeneem word.</li> <li>▶ 'n Tweede toediening mag 7 dae later nodig wees, veral in gevalle van voortdurende her-infestasië.</li> <li>▶ <b>Weerstandsbestuur:</b> Daar word aanbeveel om <b>Chlo-Pro 200 SC</b> toe te dien in 'n insekdoderbeheerprogram met geregistreerde produkte wat 'n ander wyse van werking het, soos <b>InCide 300 WG</b>.</li> <li>▶ <b>Seisoenale limiet:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Moet nie meer as twee (2) toedienings van <b>Chlo-Pro 200 SC</b> per seisoen toedien nie.</li> </ul> </li> </ul>
<p><b>MIELIES en SUIKERMIELIES</b> Afrika bolwurm (larwes) (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p> <p>Mielie stronkboorders (larwes) (<i>Busseola fusca</i>, <i>Chilo partellus</i>)</p> <p>Herfs kommandowurm (larwes) (<i>Spodoptera frugiperda</i>)</p>	<p><u>Blaartoediening (Grond)</u> 150 mℓ/ha</p> <p style="text-align: center;"><b>OF</b></p> <p><u>Grondtoediening</u> (oor die plantry) 1.5 mℓ/100 m plantry</p> <p style="text-align: center;"><b>OF</b></p> <p><u>Blaartoediening (Lugbespuiting)</u> 150 mℓ/ha</p> <p style="text-align: center;"><b>OF</b></p> <p><u>Spilpuntbespuiting</u> 150 mℓ/ha</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>▶ <b>Toedieningsvolume:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Blaartoediening:</b> Dien <b>Chlo-Pro 200 SC</b> toe in 'n minimum van 450 ℓ water per hektaar.</li> <li>• <b>Grondtoediening – oor die plantry:</b> Dien <b>Chlo-Pro 200 SC</b> toe in 3 ℓ water per 100 m plantry.</li> <li>• <b>Blaartoediening – lugbespuiting:</b> Minimum volume van 30 ℓ water per hektaar.</li> </ul> </li> <li>▶ <b>Spilpuntbespuiting:</b> Maak seker dat die spilpuntbesproeiingstelsel aan die volgende spesifikasies voldoen voordat toediening begin: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die distribusiekoëffisiënt van die spilpuntbesproeiingstelsel moet &gt; 90 % wees, en die spilpunt moet nie meer as 5 mm (50 000 ℓ) per hektaar teen maksimum spoed, toedien nie.</li> <li>• Maak alle siwwe van die spilpuntbesproeiingstelsel skoon voor toediening. Kalibreer die inspuitingpomp van die spilpuntbesproeiingstelsel volgens die tyd wat dit vir die spilpuntbesproeiingstelsel neem om een sirkel te voltooi. Stel die spilpuntbesproeiingstelsel op maksimum spoed sodat so min water as moontlik [nie meer as 5 mm (50 000 ℓ)] per hektaar toegedien word nie.</li> <li>• Meng <b>Chlo-Pro 200 SC</b> met water in die toedieningstenk. Roer die spuitmengsel aanhoudend voor en tydens toediening.</li> <li>• Spuit die <b>Chlo-Pro 200 SC</b> spuitmengsel in die hoof toevoerlyn van die spilpuntbesproeiingstelsel in sodra die besproeiingstelsel maksimum spoed bereik het. Merk die posisie in die land wanneer die spuitmengsel die verste punt van die spilpuntbesproeiingstelsel bereik het.</li> <li>• Laat die spilpuntbesproeiingstelsel 'n volle sirkel vanaf laasgenoemde punt voltooi.</li> <li>• <b>Moet nie binne 6 uur na toediening besproei nie.</b></li> <li>• Wanneer <b>Chlo-Pro 200 SC</b> deur 'n spilpuntbesproeiingstelsel toegedien word, is die byvoeging van 'n benatter nie nodig nie. Indien 'n benatter egter bygevoeg moet word, gebruik 'n minerale-olie tipe benatter teen geregistreerde dosisse.</li> </ul> </li> <li>▶ <b>Tydsberekening van toediening:</b> Dien toe tydens pes stadiums soos aanbeveel en herhaal na 14 dae indien nodig.</li> <li>▶ <b>Byvoeging van benatter:</b> Die byvoeging van 'n geregistreerde minerale-olie benatter kan die potensiaal vir insekbeheer verhoog.</li> <li>▶ <b>Seisoenale limiet:</b> Moet nie meer as twee (2) toedienings van <b>Chlo-Pro 200 SC</b> per seisoen toedien nie.</li> </ul> <p><b><u>Herfs kommandowurm:</u></b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▶ <b>Tydsberekening van toediening:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Dien toe aan die begin van infestasië, by die eerste tekens van skade voordat 5% van die plante simptome van blaarskade toon.</li> <li>• <b>MOET NIE</b> toedien wanneer larwes of wurms groter as 1 cm is nie.</li> </ul> </li> </ul> <p><b>SIEN BELANGRIKE NOTAS HIERONDER</b></p> <p><b><u>Afrika bolwurm &amp; Mielie stronkboorders:</u></b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▶ <b>Tydsberekening van toediening:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Dien <b>Chlo-Pro 200 SC</b> tydens eierleggingfase toe, totdat die eerste eiers begin uitborei maar nie later as wanneer 5 % van die plante simptome van skade toon nie.</li> <li>• Dien toe oor die kelk van die plante en verseker deeglike bedekking van die blare.</li> </ul> </li> </ul> <p><b>SIEN BELANGRIKE NOTAS HIERONDER</b></p>

<b>WAARSKUWING:</b>		
<b>MIELIETOEDIENINGS:</b> Die risiko van gestremde kopontwikkeling of “Arrested Ear Syndrome” (AES) op mielies neem dramaties toe wanneer enige toedienings (gewasbeskermingsprodukte, kunsmis, blaarvoeding, byvoegmiddels, ens.) tussen die V10 – VT (10de blaar tot pluim verskyning) stadiums toegedien word. Toedienings tussen die V10 – VT groeistadiums van die gewas moet sover moontlik vermy word.		
<b>Belangrike notas oor die beheer van stronkboorders, Afrika bolwurm en herfs kommandowurm in mielies:</b>		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Moet nie <b>Chlo-Pro 200 SC</b> op mielies toedien wat onder droogtespanning is nie.</li> <li>• Vir optimale resultate, moet toediening vroeg in die oggend plaasvind wanneer dou teenwoordig is.</li> <li>• <b>Chlo-Pro 200 SC</b> sal nie larwes beheer wat reeds in die kelke ingetonnelt het nie.</li> </ul>		
<b>Stronkboorder (<i>Busseola fusca</i>) larwes</b>		
<b>Kommersiële mielies</b> – dien <b>Chlo-Pro 200 SC</b> toe gedurende die eierleggingsperiode totdat die eerste eiers begin uitbroei, maar nie later as wanneer 5% van die plante simptome van skade toon nie.		
<b>Suikermielies</b> – dien <b>Chlo-Pro 200 SC</b> toe gedurende die eierleggingsperiode of sodra daar tekens van skade op die mieliekelke is.		
<b>NB:</b> Toediening moet gedoen word voordat larwes na die stingels van die mielieplante beweeg en wanneer larwes kleiner as die 2 <sup>de</sup> larwale instar is. Moet nie <b>Chlo-Pro 200 SC</b> toedien terwyl die pluim/baard nog deur die vlagblaar omring word nie.		
<b>Sorghum stam boorder (<i>Chilo partellus</i>) larwes</b>		
<b>Kommersiële mielies</b> – dien toe wanneer eiers op 2.5 % van die plante aangetref word, of wanneer 5 % van die plante simptome van skade op die mieliekelke toon.		
<b>Suikermielies</b> – dien <b>Chlo-Pro 200 SC</b> toe gedurende die eierleggingsperiode of sodra daar tekens van skade op die mieliekelke is.		
<b>NB:</b> Toediening moet gedoen word voordat larwes na die stingels van die mielieplante beweeg en wanneer larwes kleiner as die 2 <sup>de</sup> larwale instar is. Moet nie <b>Chlo-Pro 200 SC</b> toedien terwyl die pluim/baard nog deur die vlagblaar omring word nie.		
<b>Afrika bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>) larwes</b>		
<b>Kelk infestasië</b> – dien toe soos vir stronkboorder (sien notas hierbo).		
<b>Mieliekop infestasië</b> – dien toe wanneer die eerste larwes op die baard (sy) waargeneem word tydens kopvorming. Larwes wat reeds diep in die baard is of in die koppe ingemigreer het, sal nie beheer word nie.		
<b>NEUTBOME</b> (Amandels, kasjoeneute, kastaiingbruin neut, haselneut, makadama, pekanneut, pistachio en okkerneut)  Valkodlingmot (larwes) ( <i>Thaumatotibia leucotreta</i> )	17.5 mL/100 ℓ water	<ul style="list-style-type: none"> <li>▶ <b>Toedieningsvolume:</b> Dien <b>Chlo-Pro 200 SC</b> as 'n voldekbepuiting in 2000 – 4000 ℓ water per hektaar, afhangende van die gewasstadium. Verseker deeglike bedekking van die blare en ontwikkelende vrugte vir optimale beheer.</li> <li>▶ <b>Benatter aanbevelings:</b> Die byvoeging van 'n geregistreerde nie-ioniese benatter kan die insekbeheer potensiaal van <b>Chlo-Pro 200 SC</b> verhoog.</li> <li>▶ <b>Tydsberekening van toediening:</b> Verken en monitor die boord en dien <b>Chlo-Pro 200 SC</b> toe wanneer die feromoon lokvalle 'n infestasië aandui, gewoonlik by die aanvang van vrugrypwording.</li> <li>▶ Dien 'n opvolgtoediening 10 dae later toe indien nodig.</li> <li>▶ <b>Seisoenale limiet:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Moet nie meer as twee (2) toedienings van <b>Chlo-Pro 200 SC</b> per seisoen toedien nie.</li> </ul> </li> <li>▶ <b>Weerstandsbestuur:</b> Indien addisionele beheer nodig is, kan 'n geregistreerde insekdoder van 'n ander IRAC groepkode gebruik word.</li> </ul>
<b>SITRUS</b>		<ul style="list-style-type: none"> <li>▶ <b>Effektiwiteit kan beïnvloed word deur die volgende</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Hoë infestasië vlakke</li> <li>• Grootte en digtheid van bome</li> <li>• Klimaatstoestand</li> <li>• Toedieningstoerusting</li> <li>• Tydsberekening van toediening</li> </ul> </li> <li>▶ <b>Seisoenale limiet:</b> Moet nie meer as twee (2) toedienings of 3 ℓ/ha <b>Chlo-Pro 200 SC</b> per seisoen toedien nie.</li> </ul>
Valkodlingmot (larwes) ( <i>Thaumatotibia leucotreta</i> )	17.5 mL/100 ℓ water	<ul style="list-style-type: none"> <li>▶ <b>Toedieningsvolume:</b> Dien <b>Chlo-Pro 200 SC</b> as 'n voldekbepuiting in 2000 – 8 500 ℓ water per hektaar, afhangende van die boomgrootte en gewasstadium. Verseker deeglike bedekking van die ontwikkelende vrugte.</li> <li>▶ <b>Geïntegreerde Plaagbestuur Program (IPM):</b> Gebruik <b>Chlo-Pro 200 SC</b> as deel van 'n IPM-strategie, aangesien <b>Chlo-Pro 200 SC</b> alleen nie seisoenlange valskodlingmot (VKM) beheer verskaf nie. Gebruik paringsontwrigting, biologiese beheerprogramme of steriele insek loslating (SIT) in samewerking met <b>Chlo-Pro 200 SC</b> toedienings vir optimale beheer. Boordsanitasië dwarsdeur die groeiseisoen is van die uiterste belang vir valskodlingmot beheer.</li> <li>▶ <b>Kombinasie met ander metodes:</b> Vir optimale resultate moet <b>Chlo-Pro 200 SC</b> toedienings gekombineer, of voorafgegaan word deur ander metodes van valskodlingmot (VKM) beheer.</li> </ul>

		<ul style="list-style-type: none"> <li>▶ <b>Monitering en tydsberekening:</b> Moniteer manlike motpopulasies vanaf vroeg Oktober deurlopend deur die groeiseisoen, om toedieningstydsberekening te optimaliseer.</li> <li>▶ <b>Voorkomende toediening:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Dien toe sodra mannetjievangste toeneem, gewoonlik 16 weke voor die beplande oesdatum. 'n Tweede toediening moet 6 – 8 weke later volg.</li> <li>• In boorde sonder monitering, dien 14 – 12 weke voor oes toe, met 'n tweede toediening 6 – 8 weke later.</li> <li>• Indien slegs een (1) toediening gemaak word, dien 12 – 8 weke voor oes toe.</li> </ul> </li> </ul>
Sitrusblommot ( <i>Prays citri</i> )	17.5 mℓ/100 ℓ water	<ul style="list-style-type: none"> <li>▶ <b>Toedieningsvolume:</b> Dien <b>Chlo-Pro 200 SC</b> toe as 'n voldekbepuiting in 2000 – 4000 ℓ water per hektaar, afhangende van die boomgrootte. Verseker deeglike bedekking van die ontwikkelende bloeisels en ontwikkelende vrugte.</li> <li>▶ <b>Voorkomende toediening:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Dien die 1<sup>ste</sup> toediening toe voor ballon stadium, wanneer die blomme blare het wat 'n hol bal vorm.</li> <li>• Dien die tweede toediening 4 weke later toe.</li> </ul> </li> </ul>
<b>SORGHUM</b> Mielie stronkboorders (larwes) ( <i>Busseola fusca</i> , <i>Chilo partellus</i> )  Herfs kommandowurm (larwes) ( <i>Spodoptera frugiperda</i> )	<u>Blaartoediening (Grond)</u> 150 mℓ/ha  <b>OF</b>  <u>Blaartoediening (Lugbespuiting)</u> 150 mℓ/ha  <b>OF</b>  <u>Spilpuntbespuiting</u> 150 mℓ/ha	<ul style="list-style-type: none"> <li>▶ <b>Toedieningsvolume:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Blaartoediening:</b> Dien <b>Chlo-Pro 200 SC</b> toe in 'n minimum van 250 – 400 ℓ water per hektaar.</li> <li>• <b>Blaartoediening – lugbespuiting:</b> Minimum volume van 30 ℓ water per hektaar.</li> </ul> </li> <li>▶ <b>Spilpuntbespuiting:</b>  Maak seker dat die spilpuntbesproeiingstelsel aan die volgende spesifikasies voldoen voordat toediening begin: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die distribusiekoeffisiënt van die spilpuntbesproeiingstelsel moet &gt; 90 % wees, en die spilpunt moet nie meer as 5 mm (50 000 ℓ) per hektaar teen maksimum spoed, toedien nie.</li> <li>• Maak alle siwwe van die spilpuntbesproeiingstelsel skoon voor toediening. Kalibreer die inspuitingpomp van die spilpuntbesproeiingstelsel volgens die tyd wat dit vir die spilpuntbesproeiingstelsel neem om een sirkel te voltooi. Stel die spilpuntbesproeiingstelsel op maksimum spoed sodat so min water as moontlik [nie meer as 5 mm (50 000 ℓ)] per hektaar toegedien word nie.</li> <li>• Meng <b>Chlo-Pro 200 SC</b> met water in die toedieningstenk. Roer die spuitmengsel aanhoudend voor en tydens toediening.</li> <li>• Spuit die <b>Chlo-Pro 200 SC</b> spuitmengsel in die hoof toevoerlyn van die spilpuntbesproeiingstelsel in sodra die besproeiingstelsel maksimum spoed bereik het. Merk die posisie in die land wanneer die spuitmengsel die verste punt van die spilpuntbesproeiingstelsel bereik het.</li> <li>• Laat die spilpuntbesproeiingstelsel 'n volle sirkel vanaf laasgenoemde punt voltooi.</li> <li>• <b>Moet nie binne 6 uur na toediening besproei nie.</b></li> <li>• Wanneer <b>Chlo-Pro 200 SC</b> deur 'n spilpuntbesproeiingstelsel toegedien word, is die byvoeging van 'n benatter nie nodig nie. Indien 'n benatter egter bygevoeg moet word, gebruik 'n minerale olietipe benatter teen geregistreerde dosisse.</li> </ul> </li> <li>▶ <b>Seisoenale limiet:</b> Moet nie meer as twee (2) toedienings van <b>Chlo-Pro 200 SC</b> per seisoen toedien nie.</li> <li>▶ <b>Tydsberekening van toediening:</b> Gebruik 7 dae intervalle tussen behandelings.</li> <li>▶ <b>Byvoeging van benatter:</b> Die byvoeging van 'n geregistreerde nie-ioniese benatter kan die potensiaal vir insekbeheer verhoog.</li> <li>▶ <b>Weerstandsbestuur:</b> Wissel <b>Chlo-Pro 200 SC</b> af met 'n geregistreerde insekdoder met 'n ander wyse van werking.</li> </ul> <p><b><u>Herfs kommandowurm:</u></b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▶ <b>Tydsberekening van toediening:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Dien toe aan die begin van infestasië, by die eerste tekens van skade voordat meer as 5% van die plante simptome van blaar skade toon.</li> <li>• MOET NIE toedien wanneer larwes of wurms groter as 1 cm is nie.</li> </ul> </li> </ul> <p><b><u>Afrika bolwurm &amp; Mielie stronkboorders:</u></b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▶ <b>Tydsberekening van toediening:</b></li> </ul>

		<ul style="list-style-type: none"> <li>• Dien <b>Chlo-Pro 200 SC</b> tydens eierleggingfase toe, totdat die eerste eiers begin uitbroui maar nie later as wanneer 5 % van die plante simptome van skade toon nie.</li> <li>• Dien toe oor die kelk van die plante en verseker deeglike bedekking van die blare.</li> </ul>
<b>SOJABONE</b> Afrika bolwurm (larwes) <i>(Helicoverpa armigera)</i>	<u>Blaartoediening (Grond)</u> 150 mℓ/ha	<ul style="list-style-type: none"> <li>▶ <b>Toedieningsvolume:</b> Dien <b>Chlo-Pro 200 SC</b> toe in 300 – 700 ℓ water per hektaar. Verseker deeglike, eweredige bedekking van die blare.</li> <li>▶ <b>Tydsberekening van toediening:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Dien <b>Chlo-Pro 200 SC</b> toe tydens blom of wanneer die eerste bolwurmeiers of klein larwes waargeneem word. Gereelde monitering tydens blom- en peulaanvangstadiums word aanbeveel.</li> <li>• 'n Opvolgtoediening mag 7 dae later nodig wees indien die eerste toediening tydens vroeë blomstadium gemaak is, of onder toestande van her-infestasië.</li> </ul> </li> <li>▶ <b>Benatter aanbeveling:</b> Die byvoeging van 'n geregistreerde benatter teen die geregistreerde dosis kan die insekbeheer potensiaal van <b>Chlo-Pro 200 SC</b> verhoog.</li> <li>▶ <b>Bedekking:</b> Larwes wat reeds die peule binnegedring het of deur digte blare versteek word tydens toediening, mag nie voldoende beheer word nie. Dit is dus noodsaaklik om deeglike bedekking van die blare te verseker.</li> <li>▶ <b>Bykomende plae:</b> <b>Chlo-Pro 200 SC</b> sal ook die Spodoptera blaarwurm (<i>Spodoptera littoralis</i>) beheer indien dit teenwoordig is tydens toediening.</li> <li>▶ <b>Seisoenale limiet:</b> Moet nie meer as twee (2) toedienings van <b>Chlo-Pro 200 SC</b> per seisoen toedien nie.</li> <li>▶ <b>Weerstandsbestuur:</b> Wissel <b>Chlo-Pro 200 SC</b> af met 'n geregistreerde insekdoder met 'n ander wyse van werking.</li> </ul>
<b>STEENVRUGTE</b> (Perskes, pruime en nektariens)  Valskodlingmot (larwes) <i>(Thaumatotibia leucotreta)</i>  Afrika bolwurm (larwes) <i>(Helicoverpa armigera)</i>	17.5 mℓ/100 ℓ water	<ul style="list-style-type: none"> <li>▶ <b>Toedieningsvolume:</b> Dien <b>Chlo-Pro 200 SC</b> toe as 'n voldekbepuiting in 500 – 2000 ℓ water per hektaar, afhangende van die boomgrootte en gewasstadium. Verseker deeglike bedekking van die blare en ontwikkelende vrugte vir optimale beheer.</li> <li>▶ <b>Benatter aanbeveling:</b> Die gebruik van 'n geregistreerde nie-ioniese benatter kan die insekbeheer potensiaal van <b>Chlo-Pro 200 SC</b> bevorder.</li> <li>▶ <b>Monitering en tydsberekening:</b> Dien <b>Chlo-Pro 200 SC</b> toe wanneer feromoonlokvalle op infestasië dui, gewoonlik met die begin van rypwording.</li> <li>▶ <b>Opvolg toediening:</b> Dien 'n opvolg-spuit 14 dae later toe, indien nodig.</li> <li>▶ <b>Seisoenale limiet:</b> Moet nie meer as twee (2) toedienings van <b>Chlo-Pro 200 SC</b> per seisoen toedien nie.</li> <li>▶ <b>Weerstandsbestuur:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Indien verdere beheer nodig is, moet geregistreerde insekdoders vanuit ander IRAC groepkodes gebruik word.</li> </ul> </li> </ul>
<p><b>Water volume (ℓ) per hektaar (ha) benodig vir voldekbepuiting volgens boomryvolume (BRV) berekening:</b></p> <p>Boomhoogte en -deursnee moet in die somer gemeet word wanneer bome in vol blare is. Gebruik die water volume per hektaar om die vereiste hoeveelheid <b>Chlo-Pro 200 SC</b> per hektaar, afhangende van die verskeie groeistadiums, te bereken. Dit is belangrik dat die korrekte hoeveelheid <b>Chlo-Pro 200 SC</b> per hektaar toegedien word.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>BRV (Vanaf groenpunt tot volblom)</b>  <math>\ell \text{ water/ha} = [( \text{Boomhoogte} \times \text{Boomdeursnit} \times 937 ) / \text{Rywydte}] \times 60 \%</math></li> <li>• <b>BRV (75 % blomblaar val tot een maand later (middel seisoen))</b>  <math>\ell \text{ water/ha} = [( \text{Boomhoogte} \times \text{Boomdeursnit} \times 937 ) / \text{Rywydte}] \times 80 \%</math></li> <li>• <b>BRV (Middel seisoen tot na-oes)</b>  <math>\ell \text{ water/ha} = [( \text{Boomhoogte} \times \text{Boomdeursnit} \times 937 ) / \text{Rywydte}] \times 100 \%</math></li> </ul>		
<b>SUIKERRIET</b> Suikerrietboorder (larwes) <i>(Eldana saccharina)</i>	<u>Grondtoediening</u> 200 mℓ/ha  <b>OF</b>  <u>Lugtoediening</u> 200 mℓ/ha	<ul style="list-style-type: none"> <li>▶ <b>Monitering ("scouting"):</b> Gereelde monitering van suikerrietlande is van kardinale belang vir optimale suikerrietboorder beheer.</li> <li>▶ <b>Groeistadium:</b> Dien <b>Chlo-Pro 200 SC</b> slegs op aktief groeiende plante toe.</li> <li>▶ <b>Translokasië faktore:</b> Optimale sistemiese aktiwiteit van <b>Chlo-Pro 200 SC</b> hang af van die aktief se translokasië binne die behandelde plant. Effektiwiteit kan verlaag word indien stres faktore, soos droogte, die translokasië proses belemmer.</li> <li>▶ <b>Chlo-Pro 200 SC</b> sal larwes gedurende alle lewensstadia beheer.</li> </ul> <p><b><u>VROEË KORREKTIEWE TOEDIENING:</u></b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▶ <b>Toedieningsvolume:</b></li> </ul>

		<ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Grondtoediening:</b> Dien <b>Chlo-Pro 200 SC</b> as 'n voldekbepuiting met 'n newelblaser teen 350 – 500 ℓ water per hektaar toe. Verseker deeglike bedekking van al die blare.</li> <li>• <b>Lugtoediening:</b> Dien <b>Chlo-Pro 200 SC</b> in 'n minimum van 30 ℓ water per hektaar toe.</li> </ul> <p>▸ <b>Tydsberekening van toediening:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Begin die beheerprogram in Augustus.</li> <li>• Twee (2) <b>Chlo-Pro 200 SC</b> toedienings kan gemaak word, twee maande (60 dae) uitmekaar.</li> </ul> <p>▸ <b>Benatter aanbeveling:</b> Die gebruik van 'n geregistreerde nie-ioniese benatter kan die insekbeheer potensiaal en bedekking van <b>Chlo-Pro 200 SC</b> bevorder.</p> <p>▸ <b>Weerstandsbestuur:</b> Wissel af met produkte met 'n ander wyse van werking.</p> <p><b>SIEN BELANGRIKE NOTAS HIERONDER</b></p>
<p><b><u>Belangrike notas vir die beheer van suikerriet boorders (<i>Eldana saccharina</i>) larwes op suikerriet:</u></b></p> <p><b>Kulturele beheerpraktyke:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Plant onbesmette saadriet om plantestand te verbeter.</li> <li>• Oes vroeg om die impak van suikerrietboorder getalle te verminder; skade verhoog met gewas ouderdom, veral na 12 maande.</li> <li>• Plante onder stres is meer vatbaar vir infestasië, en uiterste stres-toestande soos droogte kan die skade aansienlik verhoog.</li> <li>• Swaar geïnfesteerde plante moet verbrand word en voldoende landhigiëne moet toegepas word om die aanvanklike besmetting van nuwe oeste te verminder.</li> <li>• Dit is belangrik om die stingels op grondvlak af te sny gedurende oes, aangesien larwes in bogrondse stingelmateriaal kan skuil.</li> <li>• Oorweeg die “stoot-trek” strategie vir biologiese beheer in suikerriet habitatte.</li> <li>• Verskille in variëteitweerstand teen die suikerrietboorder bestaan, kies die suikerriet variëteite volgens die suikerrietboorder risiko in die area.</li> <li>• Moniteer suikerrietlande gereeld om die tydsberekening van die eerste en daaropvolgende toedienings, indien nodig, korrek te bepaal.</li> </ul>		
<p><b>TAFELDRUIWE</b> Valkodlingmot (larwes) (<i>Thaumatotibia leucotreta</i>)</p> <p>Afrika bolwurm (larwes) (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p>	<p>17.5 mℓ/100 ℓ water</p>	<p>▸ <b>Toedieningsvolume:</b> Dien <b>Chlo-Pro 200 SC</b> toe as 'n voldekbepuiting in 1000 – 1500 ℓ water per hektaar, afhangende van die plant grootte en gewas stadium. Vir optimale beheer verseker deeglike bedekking van die blare en ontwikkelende vrugte.</p> <p><b>Dosis gebaseer op die volgende toedieningsvolumes:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Voor-bloem fase:</b> 500 – 1000 ℓ spuitmengsel per ha (87.5 – 175 mℓ/ha)</li> <li>• <b>Bloem tot oes:</b> 1000 – 1500 ℓ spuitmengsel per ha (175 – 262.5 mℓ/ha)</li> </ul> <p>▸ <b>Benatter aanbeveling:</b> Die gebruik van 'n geregistreerde nie-ioniese benatter kan die insekbeheer potensiaal van <b>Chlo-Pro 200 SC</b> bevorder.</p> <p>▸ <b>Weerstandsbestuur:</b> Indien addisionele beheer nodig is, kan 'n geregistreerde insekdoder van 'n ander IRAC groepkode gebruik word.</p> <p>▸ <b>Seisoenale limiet:</b> Moet nie meer as twee (2) toedienings van <b>Chlo-Pro 200 SC</b> per seisoen toedien nie.</p> <p><b><u>Valkodlingmot – tydsberekening van toediening:</u></b> Moniteer die wingerd en dien <b>Chlo-Pro 200 SC</b> toe wanneer die feromoon lokvalle infestasië aandui, gewoonlik teen die begin van rypwording. Dien 'n opvolgtoediening 14 dae later toe, indien nodig.</p> <p><b><u>Afrika bolwurm – tydsberekening van toediening:</u></b> Moniteer die wingerd gereeld en dien <b>Chlo-Pro 200 SC</b> toe wanneer bolwurmeiers of jong larwes waargeneem word, voordat dit die druiwe binnedring. Afhangende van her-infestasië, kan 'n opvolg toediening 10 – 14 dae later gemaak word.</p>
<p><b>TAMATIES</b> Afrika bolwurm (larwes) (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p> <p>Tamatie bladmyner mot (larwes) (<i>Tuta absoluta</i>)</p>	<p><u>Loof/blaartoediening</u> 20 mℓ/100 ℓ</p> <p><b>OF</b></p> <p><u>Gekonsentreerde Newelblaser Toedienings</u> 200 mℓ/ha</p>	<p><b><u>VROEË KORREKTIEWE TOEDIENING:</u></b></p> <p>▸ <b>Toedieningsvolume:</b> Dien <b>Chlo-Pro 200 SC</b> toe in 500 – 1500 ℓ water per hektaar. Deeglike bedekking van die blare (bogrondse dele) is noodsaaklik.</p> <p>▸ <b>Dosis en toedieningsvolume vir newelblaser:</b> Vir gekonsentreerde newelblaser toediening, gebruik 'n dosis van 200 mℓ/ha in 'n minimum spuitvolume van 500 ℓ per hektaar.</p> <p>▸ <b>Tydsberekening:</b> Vir optimale blaar-en vrugbeskerming, dien <b>Chlo-Pro 200 SC</b> toe gedurende eierlegging of wanneer die eerste skade op jonger blare waargeneem word.</p> <p>▸ <b>Seisoenale limiet:</b> Moenie meer as drie (3) <b>Chlo-Pro 200 SC</b> toedienings per seisoen toedien nie, en ook nie meer as twee (2) opeenvolgende toedienings nie.</p>

► **Weerstandsbestuur:** Wissel **Chlo-Pro 200 SC** af met 'n geregistreerde insekdoder met 'n ander wyse van werking.

**SIEN BELANGRIKE NOTAS HIERONDER**

**Belangrike notas vir die beheer van Afrika bolwurm en tamatie bladmyner mot (*Tuta absoluta*) larwes in tamaties:**

- Die tamatie bladmynermot (*Tuta absoluta*) is 'n vernietigende plaag wat hoofsaaklik tamaties aantast en regoor Suid-Afrika voorkom.
- Gereelde monitering van tamatie-lande is noodsaaklik om die tydsberekening van die aanvanklike en daaropvolgende toedienings te bepaal.
- Dien **Chlo-Pro 200 SC** toe as deel van 'n spuitprogram met 'n interval van 8 – 14 dae onder voortdurende toestande van herinfestasië. Gebruik die korter interval vroeg in die groeiseisoen wanneer plante aktief groei. Gebruik 'n 7-dae-spuitinterval vir *Tuta absoluta*.
- Deur **Chlo-Pro 200 SC** met 'n 7-dae-interval toe te dien, kan Amerikaanse bladmyners (*Liriomyza trifolii*) met 50 – 80 % verminder word onder lae tot medium plaagdruk. Vir hoë plaagdruk moet **Chlo-Pro 200 SC** afgewissel word met 'n produk wat spesifiek en effektief teen hierdie plaag geregistreer is.
- Dien twee (2) **Chlo-Pro 200 SC**-toedienings opeenvolgend toe (= blokketoediening) voordat daar na produkte met 'n ander wyse van werking oorgegaan word.
- Die meeste voordelige insekte word nie deur **Chlo-Pro 200 SC**-toedienings beïnvloed nie.
- Die byvoeging van 'n geregistreerde benatter [groente- of ander plantaardige olie, of isotridekanol ('n alkielpolietlieën glikol eter benatter)] word aanbeveel om bedekking te verbeter wanneer die produk volgens etiketaanwysings toegedien word.
- Moet nie 'n totaal van 600 ml **Chlo-Pro 200 SC** per hektaar per seisoen op tamaties oorskry nie.

\*Gebruik slegs geregistreerde produkte in spuitprogram.

CP-001